2006 TUSSENTYDSE RESULTATE

Vir die ses maande geëindig
31 Desember 2005

SLEUTEL PRESTASIE-AANWYSERS

Winkelomset +19%

Wesensverdienste per aandeel +18%

VERKORTE INKOMSTESTAAT

R'000	Ongeoudit ses maande 31/12/05	Ongeoudit herstateerde ses maande 31/12/04	% Verandering	Ongeoudit herstateerde jaar geëindig 30/06/05
Omset	**96 912**	105 619	(8.2)	200 632
Bedryfswins	**38 047**	34 175	11.3	66 020
Netto rente ontvang	**2 887**	3 870	(25.4)	4 823
Wins voor belasting	**40 934**	38 045	7.6	70 843
Belasting	**(12 088)**	(12 044)		(20 421)
Wins na belasting	**28 846**	26 001	10.9	50 422
Minderheidsbelang	**211**	(50)		(84)
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**29 057**	25 951	12.0	50 338
REKONSILIASIE VAN WESENSVERDIENSTE				
Verdienste toeskryfbaar aan gewone aandeelhouers	**29 057**	25 951		50 338
Wesensverdienste aanpassing:				
Wins met verkoop van eiendom, aanleg en toerusting	**-**	**-**		(449)
Wesensverdienste	**29 057**	25 951	12.0	49 889
Statistieke				
Uitgereikte aandele (000's) (Nota 1)	**88 156**	88 496		88 156
Geweegde gemiddelde aantal aandele	**88 156**	93 158		90 783
Verdienste per aandel (sent)	**32.96**	27.86	18.3	55.45
Wesensverdienste per aandeel (sent)	**32.96**	27.86	18.3	54.95
Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	**32.61**	27.82	17.2	55.30
Verwaterde wesensverdienste per aandeel (sent)	**32.61**	27.82	17.2	54.81
Uitkering per aandeel (sent)	**22.00**	20.00	10.0	40.00
Netto batewaarde per aandeel (sent)	**380.89**	359.81	5.9	367.37

VERKORTE BALANSSTAAT

R'000	Ongeoudit op 31/12/05	Ongeoudit herstateer op 31/12/04	Ongeoudit herstateer op 30/06/05
NIE-BEDRYFSBATES	**322 137**	312 467	317 579
- Eiendom, aanleg en toerusting	**31 502**	24 173	27 096
- Ontasbare bates	**271 865**	270 865	271 865
- Beleggings en lenings	**18 770**	17 429	18 618
BEDRYFSBATES	**84 414**	71 878	74 745
- Voorraad	**1 573**	5 457	5 024
- Handels- en ander debiteure	**44 430**	34 021	28 084
- Kontant en kontantekwivalente	**38 411**	32 400	41 637
TOTALE BATES	**406 551**	384 345	392 324
EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE			
KAPITAAL EN RESERWES	**335 779**	318 415	323 862
- Gewone aandelekapitaal	**1**	1	1
- Aandelepremie	**101 634**	137 197	119 265
- Opgehoopte wins	**232 309**	179 196	201 907
- Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	**2 118**	-	1 059
- Buitelandse valuta omrekeningsreserwe	**(156)**	1 971	1 546
Minderheidsaandeelhouersbelang	**(127)**	50	84
Uitgestelde belasting	**34 526**	27 482	32 247
BEDRYFSLASTE	**36 246**	38 448	36 215
- Handels- en ander krediteure	**27 119**	29 025	24 600
- Aandeelhouers vir uitreiking	**333**	244	213
- Oortrokke bankrekening	**2 426**	2 370	1 934
- Belasting	**6 368**	6 809	9 468
TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE	**406 551**	384 345	392 324

STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

R'000	Notas	Aandele-kapitaal en-premie	Reserwes	Opgehoopte (verlies)/wins & minderheids-belang	Totaal
Balans op 1 Julie 2003		**210 050**		**(81 866)**	**128 184**
Wins vir die jaar				37 178	37 178
Uitkerings		(25 873)			(25 873)
Aandele teruggekoop		(882)			(882)
Balans op 30 Junie 2004 - soos voorheen aangetoon		**183 295**	**-**	**(44 688)**	**138 607**
IFRS aanpassings				196 614	196 614
Handelsmerke	2			263 391	263 391
Eiendom, aanleg en toerusting	3			825	825
Uitgestelde belasting	4			(67 602)	(67 602)
Herstateerde balans op 30 Junie 2004		**183 295**	**-**	**151 926**	**335 221**
Wins vir die jaar - soos voorheen aangetoon				51 922	51 922
IFRS aanpassings			2 605	(1 584)	1 021
Buitelandse valuta omskakeling	5		1 546	(1 493)	53
Eiendom, aanleg en toerusting	3			40	40
Uitgestelde belasting	4			928	928
Aandeelgebaseerde betalings	6		1 059	(1 059)	-
Herstateerde wins vir die jaar				50 338	
Minderheidsbelang				84	84
Belastingheffings teen ekwiteit				(357)	(357)
Uitkerings		(35 148)			(35 148)
Aandele terruggekoop		(28 881)			(28 881)
Herstateerde balans op 30 June 2005		**119 266**	**2 605**	**201 991**	**323 862**
Wins vir die periode				29 057	29 057
Belastingheffing teen ekwiteit				1 345	1 345
Uitkerings		(17 631)			(17 631)
Aandeelgebaseerde betalings			1 059		1 059
Buitelandse valuta omskakeling			(1 702)		(1 702)
Minderheidsbelang				(211)	(211)
Balans op 31 Desember 2005		**101 635**	**1 962**	**232 182**	**335 779**

Notas

1. Uitgereikte aandele min aandele teruggekoop deur 'n volfiliaal en 'n aandeelaansporingstrust.
2. **Handelsmerke** – In ooreenstemming met IFRS 1 – Eerste-keer Toepassing van Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde, Aanhangsel B2(b), is handelsmerke wat voorheen afgeskryf is teen reserwes weer teruggeskryf met 'n gevolglike toename in ekwiteit. In ooreenstemming met die vereistes van IAS 38 – Ontasbare Bates, is die lewensduur van handelsmerke as oneindig beoordeel en word dit gevolglik nie geamortiseer nie, maar jaarliks aan 'n waardedaling hersiening onderwerp.
3. **Eiendom, aanleg en toerusting** – Die groep het, in terme van IFRS 1, gekies om die waarde van sekere items van eiendom, aanleg en toerusting ten tyde van die oorskakeling na IFRS te raam teen hul billike waarde en om daardie waarde te gebruik as hul geagte koste op die oorskakelingsdatum. Hierdie vrystelling is toegepas op grond en geboue in besitting ten tyde van die oorskakeling terwyl reswaardes van 50% aan al die geboue toegeskryf is. Die gevolg hiervan is laer waardevermindering op eiendomme en 'n terugskrywing van opgehoopte waardevermindering.
4. **Uitgestelde belasting** – Uitgestelde belasting is aangepas om die effek van die IFRS aanpassings in ag te neem, soos uiteengesit in notas 2 en 3.
5. **Buitelandse valuta** – IAS 21 – Die Effek van Veranderinge in Buitelandse Wisselkoerse, vereis die omskakeling van buitelandse filiale met 'n verskillende funksionele geldeenheid as sy houermaatskappy (m.a.w. anders as Rand), om al hul bates en laste om te skakel na die sigkoers op jaareinde. Buitelandse valuta verskille wat voortvloei uit die omskakeling word nie meer erken in die inkomstestaat nie, maar word nou direk erken as 'n afsonderlike komponent van ekwiteit (Buitelandse Valuta Omskakelingsreserwe – BVOR).

   Spur het gekies om die vrystelling beskikbaar in IFRS 1 te gebruik om sy BVOR op nul te stel op die oorskakelingsdatum, te wete 1 Julie 2004.
6. **Aandeelgebaseerde betalings** – IFRS 2 – Aandeelgebaseerde betalings, vereis dat die billike waarde van ekwiteitsvereffende aandeelgebaseerde betalings bepaal word ten tyde van die toegewingsdatum en dat die onkoste daarvan verhaal word van die inkomstestaat oor die vestigingsperiode.

VERKORTE SEGMENTVERSLAG

R'000	Ongeoudit ses maande 31/12/05	Ongeoudit herstateerde ses maande 31/12/04	Ongeoudit herstateerde jaar geeindig 30/06/05
OMSET			
Groothandel en distribusie	**42 301**	60 987	110 165
Konsessie - Spur	**43 032**	37 049	73 494
Konsessie - Other	**9 710**	6 641	14 278
Korporatiewe dienste	**1 869**	942	2 695
Groep omset	**96 912**	**105 619**	**200 632**
WINS VOOR BELASTING			
Groothandel en distribusie	**14 276**	11 786	23 034
Konsessie - Spur	**35 112**	30 577	61 470
Konsessie - Other	**2 102**	725	6 304
Korporatiewe dienste	**(13 443)**	(8 913)	(24 788)
Groep bedryfswins	**38 047**	34 175	66 020

VERKORTE KONTANTVLOEISTAAT

R'000	Ongeoudit ses maande 31/12/05	Ongeoudit herstateerde ses maande 31/12/04	Ongeoudit herstateerde jaar geëindig 30/06/05
Kontant deur bedrywighede voortgebring	**40 961**	37 056	67 541
Netto rente ontvang	**2 887**	3 870	4 823
Belasting betaal	**(11 564)**	(11 204)	(14 815)
Uitkerings betaal	**(17 511)**	(15 621)	(35 179)
Bedryfskapitaalveranderings	**(11 884)**	(6 556)	(4 959)
Kontanteffek van bedryfsaktiwiteite	**2 889**	7 545	17 411
Kontanteffek van beleggingsaktiwiteite	**(6 314)**	(51 577)	(52 141)
Netto verandering in kontant en kontantekwivalente	**(3 425)**	(44 032)	(34 730)
Aanpassing vir buitelandse valuta bewegings	**(293)**	12	383
Netto kontant en kontantekwivalente aan begin van periode	**39 703**	74 050	74 050
Netto kontant en kontantekwivalente aan einde van periode	**35 985**	30 030	39 703

REKENINGKUNDIGE GRONDSLAG

Hierdie ongeouditeerde finansiële resultate vir die ses maande tot 31 Desember 2005 is opgestel in ooreenstemming met rekeningkundige beleid wat voldoen aan Internasionale Finansiële Verslagdoening Standaarde ("IFRS"), met die oorskakelingsdatum op 1 Julie 2004.

Die geouditeerde resultate vir die 12 maande tot 30 Junie 2005 is herstateer as ongeoudit, aangesien die IFRS aanpassings nie geoudit is deur die maatskappy se ouditeure nie.

FINANSIËLE EN HANDELSOORSIG

Positiewe handelstoestande in die plaaslike mark het voortgeduur in die 2006 finansiële jaar en die groep het vir die tydperk presteer ooreenkomstig die verwagtinge van die direksie en bestuur. Die groep het sy aandeel in die hoogs-mededingende familie-restaurant mark uitgebrei, terwyl die totale aantal takke die 300 kerf verbygesteek het. Ons internasionale bedrywighede, wat net meer as 10% van die takke verteenwoordig, lewer steeds opwindende groei-vooruitsigte.

Die afname van R8.7 miljoen in omset na R96.9 miljoen (2004: R105.6 miljoen) sluit 'n afname in groothandel en distribusie-omset in, voortvloeiend uit die uitkontraktering van die landwye distribusie van restourantbenodighede, vanaf die sentrale kombuise na 'n onafhanklike verspreider.
Die uitkontraktering van hierdie funksie is daarop gemik om betroubaarheid en gehalte van afleweringsdiens aan alle takke landwyd te verseker, welke oorskakeling voltooi is in September 2005. Verkope van vervaardigde goedere vanaf die sentrale kombuise sowel as dekor, plaaslik en internasionaal, het vermeerder met 25%.

Winkelomsetgroei, soos gereflekteer in die kern bedryfsinkomste, wat die maatstaf is van die groep se handelsprestasie, het met 19% toegeneem. Die omset van bestaande takke (nuwe takke gedurende die jaar geopen uitgesluit) was 13% hoër, veel hoër as die spyskaart prysinflasie vir hierdie periode stel.

Die groep se bedryfswins het met 11.3% toegeneem tot R38 miljoen (2004: R34.2 miljoen). As die effek van 'n aandeelgebaseerde betalingskoste van R1.1 miljoen (as gevolg van die ingebruikneming van IFRS 2 – Aandeelgebaseerde betalings) in ag geneem word, sowel as die effek van die vorige jaar se belastingterugbetaling van R1.3 miljoen, het vergelykbare bedryfswins met 19% verhoog. Ten spyte van hoër personeel- en opleidingskoste met die oog op belegging in nuwe winkels (die groep beplan om in totaal meer as 40 nuwe winkels gedurende die finansiële jaar te open), hoër waardevermindering en die IFRS 2 koste, het die groep uitgawes goed in toom gehou.

Wesensverdienste van R29.1 miljoen was 12% hoër as die vorige verslagtydperk. Wesensverdienste per aandeel het verhoog met 18.3% tot 32.96 sent (2004: 27.86 sent), terwyl ten volle verwaterde wesensverdienste per aandeel gestyg het met 17.2% tot 32.61 sent (2004: 27.82 sent).

Die groep se aggressiewe uitbreiding duur voort met 22 nuwe takke geopen sedert die aanvang van die finansiële jaar wat die winkeltal op 309 te staan bring. Dit bestaan uit sewe Spur Steak Ranches, vyf Panarottis Pizza Pasta en tien John Dory's Fish & Grill afsetpunte.

'n Opsomming van die winkeltal op 31 Desember 2005 is soos volg:

Konsessie handelsmerk	Suid-Afrika	Internasionaal	Totaal
Spur Steak Ranches	208	23	231
Panarottis Pizza Pasta	54	7	61
John Dory's Fish & Grill	17	-	17
Totaal	**279**	**30**	**309**

Daar word verwag dat 'n verdere 22 takke geopen sal word in die tweede ses maande van die jaar. Dit sluit nuwe Spur takke in China (Fuzhou), Australië (Campbelltown) en Botswana (Gaborone) in, met nog twee Panarottis takke in Australië (Campbelltown en Blacktown).

VOORUITSIGTE

Die nuwe winkelopenings en beoogde openings vir die res van die finansiële jaar beklemtoon die geleenthede vir die groep om sy nasionale winkelreeks oor al drie die handelsmerke te vergroot en dus markaandeel te verhoog. Gegewe die verwagting van stabiele rentekoerse en gunstige handelsomstandighede is die direkteure en bestuur vol vertroue vir 'n suksesvolle tweede helfte van die jaar wat behoort te weerspieël in 'n voortgesette sterk toename in verdienste vir aandeelhouers.

KAPITAALUITKERING

Ooreenkomstig die algemene magtiging wat by die algemene jaarvergadering op 2 Desember 2005 aan die direkteure gegee is, word aandeelhouers in kennis gestel dat die direksie van die maatskappy 'n kapitaaluitkering van R19.4 miljoen verklaar het. Dié bedrag, wat teen die aandelepremierekening afgeskryf word, sal aan die maatskappy se aandeelhouers uitgekeer word in plaas van dividende en is gelykstaande aan 22 sent per gewone aandeel ("die uitkering").

Die uitkering sal op Maandag, 27 Maart 2006 gedoen word aan daardie aandeelhouers van die maatskappy wat op Vrydag, 24 Maart 2006 ("die rekorddatum") in die register van die maatskappy opgeteken is.

Die laaste dag waarop die maatskappy se aandele (cum dividend) verhandel kan word met die doel om vir die uitkering te kwalifiseer, sal Donderdag, 16 Maart 2006 wees. Na afloop van die uitkering sal die verhandeling van aandele (ex dividend) op Vrydag, 17 Maart 2006 'n aanvang neem.

Aandeelsertifikate mag nie tussen Vrydag, 17 Maart 2006 en Vrydag, 24 Maart 2006 (met inbegrip van albei datums) gedematerialiseer of gerematerialiseer word nie.

Vir en namens die direksie
A.J. Ambor (Uitvoerende Voorsitter)
P.G. van Tonder (Besturende Direkteur)

Kaapstad
2 Maart 2006

Direkteure: A Ambor (Uitvoerende Voorsitter), P van Tonder (Besturende Direkteur), M Farrelly, K Getz*, D Hyde*, P Joffe, K Madders* (Brits), J Rabb*, K Robertson **Maatskappy sekretaris:** R van Dijk [* nie-uitvoerend]

www.spur.co.za

Spur Corporation Limited (Registrasienommer 1998/000828/06)

Aandele Kode: SUR
ISIN: ZAE000022653

Geregistreerde Kantoor
Waterford Mews 1, Century Blvd, Century City, 7441
Oordragsekretaris
Computershare Limited, Marshallstraat 70, Johannesburg, 2001

Borg: Sasfin Corporate Finance ('n Afdeling van Sasfin Bank Bpk)

11543S Interim March 2006/afr